
Hoop,
op die rug van 'n
DONKIE
MATTEUS 21:1-11


Die atmosfeer
was elektries

# Deuteronomium 16 :16

16 "Drie keer elke jaar moet al jou mans in die plek wat
die Here jou God sal kies, in sy teenwoordigheid
verskyn: op die fees van die ongesuurde brood, die
fees van die weke en die huttefees. Die volk mag nie
sonder offers in die teenwoordigheid van die Here
verskyn nie."

1 Toe hulle naby Jerusalem kom en Betfage aan die
Olyfberg bereik, het Jesus twee dissipels vooruit
gestuur 2 en vir hulle gesê: "Gaan na die dorpie daar
reg voor julle, en net soos julle inkom, sal julle daar 'n
donkie kry wat vasgemaak is, en 'n vul by haar. Maak
haar los en bring hulle vir My. 3 En as iemand vir julle
iets daaroor sê, antwoord dan: Die Here het hulle
nodig, en Hy sal hulle gou weer terugstuur."

**Matteus 21:1-11**

4Dit het gebeur sodat die uitspraak van die profeet
vervul sou word:
5"Sê vir Sion:
Kyk, jou Koning kom na jou toe; Hy is nederig en
Hy ry op 'n donkie, op die vul van 'n pakdier."
6Die twee dissipels het toe vooruit gegaan en gedoen
wat Jesus hulle beveel het. 7Hulle het die donkie en die
vul gebring, van hulle klere op die diere gesit, en Jesus
het opgeklim.

**Matteus 21:1-11**

8Die grootste deel van die skare het van hulle klere
op die pad oopgegooi, en ander het takkies van die
bome afgebreek en dit op die pad gestrooi. 9Die
mense wat voor Jesus geloop het en dié wat agter
Hom aan gekom het, het begin uitroep:

"Prys die Seun van Dawid!
Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!
Prys Hom in die hoogste hemel!"

Matteus 21:1-11

10 Toe Jesus in Jerusalem ingaan, het die hele stad in
beroering gekom en gevra: “Wie is hierdie man?”
11 Die skare het geantwoord: “Dit is die profeet Jesus
van Nasaret in Galilea!”

Matteus 21:1-11



Die Messias
is hier

# Sagaria 9:9

9 Jubel, Sion! Juig, Jerusalem!
Jou koning sal na jou toe kom.
Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar,
hy is nederig en hy ry op 'n donkie,
op die hingsvul van 'n donkie.


Jesaja 62 :11
11 Die Here kondig dwarsoor die wêreld aan:
“Sê vir Sion: Hy wat jou red, kom!
Sy volk wat Hy Syne gemaak het, is by Hom,
dié wat aan Hom behoort, loop voor Hom uit.


Die Messias vir
die hele wêreld



# Sagaria 9:10

10 Ek sal die strydwaens in Efraim vernietig, die perde
uit Jerusalem uitroei. Die pyl en boog waarmee oorlog
gemaak word, sal gebreek word.
Die koning sal vrede vir die nasies afkondig
en hy sal regeer van see tot see,
van die Eufraat af tot in die uithoeke van die aarde.


Die Messias
is nederig


Die onderstebo
Koninkryk


Matteus 20:28
28So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie
gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy
lewe te gee as losprys vir baie mense.


Die Messias vir
die weerloses

# Die Lam van God




Eksodus 12 :3
3 Sê vir die hele gemeente van Israel: Elkeen moet sorg dat hy op die tiende van hierdie maand 'n lam vir sy gesin het, vir elke huisgesin een.



# Matteus 11:28-29

28 “Kom na My toe, almal
wat uitgeput en oorlaai is,
en Ek sal julle rus gee.
29 Neem my juk op julle en
leer van My, want Ek is
sagmoedig en nederig van
hart, en julle sal rus kry vir
julle gemoed.


Hoop
op die rug van 'n
DONKIE
MATTEUS 21:1-11